TYDSDUUR: 40 minute

© Kopiereg

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Vraestelle moet asseblief in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer teruggestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saamgehou word. Baie dankie.

Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 1

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

VOORBEELD

Voorbeeld: **Ons …… die see.**	(a) swem op	(b) swem bo	(c) swem in	(d) klim op



Lees die storie mooi deur en omkring die regte antwoorde vir vrae 1 tot 10.

Niko en sy gesin is op vakansie en wil vroeg opstaan om strand toe te gaan. Mamma het almal sesuur wakker gemaak om te help. Dit is die perfekte dag vir die strand. Die see is kalm en die son skyn vuurwarm. Daar is geen wolke in die lug nie.

Niko moet help om die piekniekmandjie uit die motor te neem. Pappa dra die visstokke en Mamma dra die sambreel. Susan moet die sak met die handdoeke en swemklere dra. Daar is baie mense op die strand en hulle moet 'n plek soek om te sit.

Niko en Pappa is haastig om na die rotse te loop om vis te vang. Niko vang drie klein vissies en Pappa vang niks nie! Susan neem haar branderplank om in die golwe te gaan ry. Niko ry op sy lyfplank. Daar is 'n paar seilbote wat op die horison heen en weer seil.

Almal besluit dat hulle honger is en stap na die sambreel en handdoeke toe om 'n piekniek te gaan hou. Mamma het toebroodjies met kaas en tamatie gemaak.



Later die middag het hulle huis toe gegaan.
Baie bly en uitgerus na die heerlike dag.

1. Hoe laat het die kinders wakker geword?	(a) vyfuur	(b) drie-uur	(c) ses-uur	(d) nege-uur
2. Waarheen gaan hulle vir die dag?	(a) Na die winkel.	(b) Na die strand.	(c) Na die sirkus.	(d) Na die berge.
3. Watter woord sê vir ons dat dit 'n lekker dag is?	(a) horison	(b) haastig	(c) heerlike	(d) honger
4. Wat wil Pappa op die strand doen?	(a) 'n Vis vang.	(b) 'n Vis eet.	(c) 'n Vis roep.	(d) 'n Vis sien.
5. Wat het Mamma vir almal gemaak om te eet?	(a) room-koekies.	(b) toebroodjies	(c) wors-rolletjies	(d) warmbrakke
6. Wie dra die piekniekmandjie?	(a) Pappa	(b) Mamma	(c) Susan	(d) Niko
7. Waar vang hulle vis?	(a) By die hawe.	(b) By die swemmers.	(c) By die rotse.	(d) By die sambreel.
8. Hoeveel visse vang Pappa?	(a) geen	(b) twee	(c) baie	(d) drie
9. Waarop ry Susan in die golwe?	(a) brander-plank	(b) opblaas-matras	(c) binneband	(d) lyfplank
10. Wat is 'n ander woord vir golwe?	(a) babbel	(b) bredie	(c) branders	(d) breier